

Van doekvoet na eendvoet: Die vertaling van Afrikaanse romans in Frans

Johanna Steyn

Johanna Steyn, Departement Afrikaans en Nederlands, Universiteit Stellenbosch

Opsomming

Deur die eeue heen is en word vertalings van vertalings, of abbavertalings, gedoen, hoewel hierdie praktyk ongewens is en vertalers afgeraai word om vertalings te vertaal. Abbavertaling word meestal deur vertaalkenners geïgnoreer, tot so 'n mate dat daar nie eens 'n eenduidige term bestaan om daarna te verwys nie. Die ongewildheid van hierdie praktyk spruit hoofsaaklik uit die feit dat vertalings as flou weergawes van 'n bronteks geag word, en 'n vertaling van 'n vertaling is dus nog flouer. Verdere besware is dat foute van vertaling na vertaling oorgedra word, en dat 'n abbavertaler 'n bronteks moet vertaal wat reeds deur 'n ander vertaler geïnterpreteer en aangepas is vir 'n ander doelpubliek. Tog word abbavertalings steeds gedoen en 'n bestudering van die Franse vertalings van Suid-Afrikaanse romans toon dat die meerderheid Afrikaanse romans uit hulle Engelse vertalings in Frans vertaal word. Hierdie artikel is 'n ontleding van die verskynsel van abbavertaling en bied 'n kort oorsig oor die vertaling van Afrikaanse romans in Frans. Ten slotte word alternatiewe oorweeg om Afrikaanse romans in Frans te laat vertaal.

Trefwoorde: abbavertaling; Afrikaanse romans; bikulturaliteit; Franse vertaling; literêre vertaling; L2-vertaling

Abstract

From padded feet to duck feet: The translation of Afrikaans novels into French

A piggyback translation is a translation of a translation. It means that the source text of a translation is a translation itself. Sometimes there is more than one intermediate text involved in the process, for example a Chinese translation of Hans Christian Andersen's fairy tales were done from the Japanese translation of the English translation of the German translation of the Danish text.

Since the dawn of translation translators have been doing piggyback translations, yet this practice is very unpopular – translators don't want to do it and scholars seem to ignore it, so much so that only rarely mentioned in encyclopaedias or journals devoted to translation and there does not exist a single, uniform term to refer to it. During my research I have come across *indirect translation*, *relay translation*, *retranslation*, *intermediate translation*, *mediated translation*, *second-hand translation*, *chain translation*, *double translation* and *eclectic translation*. None of these terms seems to be ideal because some of them can also refer to other translation practices while others are rather obscure and are not used very often. In this abstract I will use the term *piggyback translation*. It is the English version of the Afrikaans term I used during my doctoral research, namely "abbavertaling" (thus adding yet another term to the terminology pool).

UNESCO recommends that a translation should always be made from the original unless there is absolutely no alternative and the Association of French Literary Translators states in its code of conduct that a translator will never translate from a translation without the express authorisation of the author. Among translators and scholars the opinions regarding piggyback translation range from “appalling” to “unfortunate” and there are various reasons for this: a translation is often seen as a watered-down version of a text and it makes sense that a piggyback translation would therefore be considered a watered-down version of a watered-down version of a text. There is also the fact that there is no guarantee of accuracy and as early as the 13th century it has been remarked that this practice is “dangerous”. This is linked to the fact that any mistakes made by the first translator are necessarily carried over into the second translation. These mistakes can range from wrong interpretations and wrong translation to omissions that occur because of a lack of knowledge or time or negligence on the part of the first translator. Also keep in mind that translators adapt their texts to the needs and requirements of their target public and publisher – and sometimes translations are tinted by the ideology and convictions of the individual translator. The result is that the piggyback translator has to work from a text that has already been “refracted” by another translator and he or she has no control over the choices that had been made. Another reason has to do with the fact that language and culture are intrinsically linked and while the piggyback translator may have knowledge of the intermediate culture, he or she might be totally ignorant of the culture of the original source text. Now, translation is seen as a privileged place for dialogue between cultures and an ideal space for cultures to meet, but what may happen is that the public who gets to read the piggyback translation will get to know more of the intermediate culture than the original source culture. It is expected of a translator to be bicultural as well as bilingual, but in the case of a piggyback translator, chances are that he or she has no knowledge of the original source culture.

One may ask why piggyback translations are still being done if it is such an undesirable practice. The most obvious reason is that there is no translator available who can translate directly from the source language into the target language. Another reason is more ideological, namely that the intermediate language enjoys a very high status as source language, as was the case with Latin in the 16th and French in the 17th and 18th centuries. From a financial point of view it would make more sense for a publishing house to choose a translator who works from a dominant language, like English, because it costs less than employing someone who works from a so-called rare language. It may also happen that a publisher prefers to employ an experienced translator working from the intermediate language rather than an inexperienced one who is able to translate directly from the source language.

On the positive side, piggyback translating has played, and still plays, an important role in cultural exchange because it enables literary works from one rare language to be translated into another rare language and it allows for translations to occur between languages where it is difficult if not impossible to find a translator with that specific language combination, for example Afrikaans and Finnish. It can also allow works from rare languages to be translated into major languages; for example, a text written in isiXhosa can reach the French or German markets thanks to an initial English translation.

Today English is the most important intermediary language for piggyback translations as it is the most important source and target language for translations worldwide. This has implications in terms of cultural transfer because there seems to be a tendency in English translations to domesticate, i.e. to bring the text closer to the target reader by, for example replacing foreign cultural elements with ones that are familiar to the target public, thus “flattening” the text by erasing its foreign character. If such a “flattened” text is used as the source text for another translation, it would be virtually impossible for the piggyback translator to restore the foreignness of the text, especially if he or she has no first-hand knowledge of the original

source culture. This is a pity, especially since in Europe there seems to be a preference for retaining the foreignness in translated texts.

An investigation into Afrikaans novels translated into French from 1914 until now shows that out of a total of 26 translations, only six were done directly from Afrikaans into French (they were all done by two translators), while the others were piggyback translations from English.

During the 1980s especially, there was a noticeable interest in South Africa due to the political climate, and one often finds that the translators who translated South African literature were politically active journalists and lecturers whose interest in and knowledge of the country led them to suggest works to be translated to publishers. Even though the Afrikaans novels translated into French during this time were also piggyback translations, one can expect that their knowledge of South Africa helped these translators to have a good understanding of the local culture. During the 1990s there was a “normalisation” in terms of the translation of South African literature: we find that it is no longer just politically engaged works that are translated, but other works of fiction as well. Regarding the translators, we also see that the engaged translators of the 1980s are replaced by professionally trained translators. On the one hand it means that South African novels now enjoy “professional” translating, but on the other hand these translators do not necessarily have the same knowledge of South African culture.

If piggyback translations are to be avoided, other solutions should be considered for the translation of Afrikaans novels into French, for example finding Afrikaans-speaking translators who are able to translate directly into French. There is, however, great prejudice against translating out of one’s mother tongue into a second (or third) language, because the general sentiment is that you express yourself better in your first language. The advantage of translating out of one’s first language is the fact that the translator will have a perfect understanding of the source text. Another solution would be to employ persons with sufficient knowledge of the source language and culture and of that of the target public to assist translators or to proofread the translations.

Keywords: Afrikaans novels; biculturalism; French translation; literary translation; L2-translation; piggyback translation;

1. Inleiding

Tydens doktorale navorsing oor literêre vertaling het ek begin om ’n databasis saam te stel van Suid-Afrikaanse werke wat in Frans vertaal is om as ’n bylaag in die proefskrif in te sluit. Die proefskrif was ’n vergelyking tussen ’n direkte vertaling en ’n abbavertaling om vas te stel of kulturele oordrag noodwendig beter in die een as in die ander is.¹ Aanvanklik het ek gedink dat die databasis uit hoogstens ’n honderd titels sou bestaan, maar ek het ophou werk daaraan toe ek by 750 titels kom.² Hierdie databasis sluit alle Engelse en Afrikaanse werk in wat ek kon opspoor: romans, gedigte, dramas, outobiografiese werk, en so meer. In hierdie artikel val die klem egter op die Franse vertalings van Afrikaanse romans en ek sal nie na die ander genres verwys nie.

Vir die meerderheid Afrikaanse romans wat in Frans vertaal word, word die Engelse vertaling as bronteks gebruik. Die praktyk om vertalings van vertalings, of abbavertalings, te doen, is so oud soos vertaling self, maar dit word as ’n ongewenste prosedure beskou en word tot ’n groot mate deur vertaalteoretici geïgnoreer – dermate dat daar nie eens ’n enkele, eenduidige term bestaan om daarna te verwys nie. In hierdie artikel gaan ek eerstens ’n kort oorsig van abbavertalings gee en uiteensit waarom dit so ongewild is. Daarna volg ’n bespreking van

die vertaling van Afrikaanse romans in Frans. Ten slotte sal ek kyk na alternatiewe metodes, indien abbavertalings vermy behoort te word, om Afrikaanse romans in Frans vertaal te kry.

2. Wat is 'n abbavertaling?

'n Abbavertaling is 'n vertaling van 'n vertaling. Dit beteken dat die bronteks (BT) van die uiteindelige vertaling (doeltekst 2 of DT2) ook 'n vertaling is en wat ons hier die tussentekste (TT of doeltekst 1, DT1) sal noem. Volgens Kittel en Frank (1991:3) is dit enige vertaling wat gebaseer is op 'n bron (of bronne) wat self 'n vertaling in 'n ander taal as die taal van die oorspronklike teks of die doeltaal is. Daar is egter nie noodwendig net drie tale by 'n abbavertaling betrokke nie. Sommige van die gewildste werke in wêreldletterkunde, soos Hans Christian Andersen se sprokies en William Shakespeare se dramas, het deur baie vertaalstappe gegaan. In die geval van Andersen kry ons byvoorbeeld dat die Chinese vertaling gedoen is uit die Japannese vertaling van die Engelse vertaling van die Duitse vertaling van die Deense teks (Dollerup 2008). Daar is ook nie noodwendig net een tussentekste nie: in China word al die Noorweër Hendrik Ibsen se dramas uit Engels vertaal, en soms word tot vier Engelse vertalings op 'n slag as brontekste vir een vertaling gebruik (He 2001:197).

Hoewel abbavertaling 'n algemene en ou praktyk is, bestaan daar geen eenduidige term wat gebruik word om daarna te verwys nie. Selfs onder vertaalteoretici is daar nie eenstemmigheid nie. Tydens my navorsing het ek onder andere afgekom op: *indirect translation*, *relay translation*, *retranslation*, *intermediate translation*, *mediated translation*, *second-hand translation*, *chain translation*, *double translation* en *eclectic translation*. Sommige van hierdie terme verwys egter ook na ander vertaalprosedures, en ander is weer redelik obskuur en word eenmalig gebruik. Selfs in Frans is daar nie eenstemmigheid nie, en die volgende terme word gebruik: *retraduction*, *traduction-relais*, *traduction au carré*, *traduction indirecte* en *traduction gigogne*. Die term wat die algemeenste in Engels gebruik word, blyk *indirect translation* te wees, maar soos Pym (2011:80) dit bondig en raak stel: “[W]e have created a mess.” In Afrikaans is daar omtrent geen navorsing oor hierdie verskynsel nie en daar is dus geen naam daarvoor nie. Om sake te vergemaklik en lomp frases en verwarring te vermy, het ek die term *abbavertaling* gekies (*piggyback* in Engels), met die implikasie dat die tweede vertaling “op die rug” van 'n ander vertaling by die eindbestemming aankom.³

Die tradisie van abbavertaling in die Weste dateer terug na die tyd van die Septuagint toe hierdie Griekse vertaling van die Hebreeuse Bybel as BT gebruik is vir van die eerste weergawes van die Bybel in Latyn (Venuti 2004:15). In die 12de eeu is daar heelwat abbavertalings gedoen en daar is uiterste gevalle soos die vertalings van Aristoteles in Latyn vanaf 'n Arabiese vertaling van 'n Siriese vertaling van die Griekse teks. Daar is egter reeds in die 13de eeu opgemerk dat hierdie soort vertaling gevaarlik is, want daar is geen waarborg vir akkuraatheid nie (Ballard 2007:78–80). Dit het egter nie hierdie praktyk gestop nie en in Frankryk is daar in die 14de en 15de eeu heelwat abbavertalings gedoen.

Tydens die bewind van Louis XII (1498–1515) was Claude de Seyssel die “groot naam” in vertaling. Vir De Seyssel was dit baie belangrik om die Franse taal en letterkunde te verryk deur onder andere werke wat in Grieks en Latyn geskryf is, vir die Franse publiek toeganklik te maak. Hy kon egter self nie Grieks lees nie en het die tekste dan deur Jehan Lascary (ook bekend as Janus of Jean Lascaris) in Latyn laat vertaal sodat hy dit in Frans kon omsit. Die feit dat De Seyssel se tekste abbavertalings was, is egter nie weggesteek nie; Xenophon se *Anabese* is byvoorbeeld in 1529 gepubliseer as *Geskiedenis van die reis onderneem deur Cyrus na die koning van Persië, Artaxerse, sy broer, saamgevat in sewe boeke geskryf deur Xenophon, Griekse skrywer, eerstens vertaal in Latyn deur Jean Lascaris, 'n man wat geleerd is in Grieks en die restourateur hiervan, en uit Latyn in populêre Frans deur Cl. de Seyssel*.⁴

De Seyssel, sy tydgenote en opvolgers het dikwels van 'n tussenteks in 'n tussentaal gebruik gemaak – “méthode courante en ce début de XVIIe siècle” (“gebruiklike metode aan die begin van die 16de eeu”) (Van Hoof 1991:32); dit wil sê die vertalings wat in hierdie eeu in Frans gedoen is, was grootliks abbavertalings en byna uitsluitlik uit Latyn. Die een rede hiervoor was natuurlik dat min vertalers direk uit Grieks kon vertaal en die ander rede was die hoë aansien van Latyn as wetenskaplike en teologiese taal. Dit beteken dat enige teks in Latyn, vertaling of nie, hoog aangeskryf is as bronteks.

Deesdae word dit oor die algemeen egter nie genoem dat 'n teks 'n abbavertaling is nie, tien teen een weens die vooroordele wat jeens hierdie soort vertaling bestaan. Dit gebeur selfs dat die kopiereg van die werk soms aan die tussenteks toegewys word.⁵ Ringmar (2007) noem egter voorbeelde van abbavertalings wat blatant voorgee om direkte vertalings te wees, maar wat “uitgevang” word op grond van foute of spesifieke kulturele aanpassings wat in die TT voorkom en in die abbavertaling oorgedra is. 'n Navorsers wat die betrokke tale magtig is, behoort redelik maklik te kan vasstel of 'n vertaling alles is wat dit voorgee om te wees.

2.1 'n “Baie betreuenswaardige prosedure”

Ten spyte van die feit dat abbavertalings nog altyd gedoen is en dat dit steeds wyd voorkom, skenk kritici, teoretici en vertaalhistorici baie min aandag daaraan (St André 2008:230). Dit word dikwels nie eens in handboeke of ander wetenskaplike tekste wat oor vertaling handel, gemeld nie. Dit is nie seker waarom abbavertalings so aan die akademiese agterspeen suip nie, maar volgens Dollerup (2008:21) kan dit wees dat dit so algemeen in literêre vertaling voorkom dat dit omtrent nie opgemerk of gemeld word nie. Aan die ander kant is dit 'n baie moeilike begrip om te bespreek en selfs navorsers wat bewus is van die verskynsel, verwys gewoonlik net in die verbygaan daarna (Dollerup 2008:21). Dalk is dit die rede waarom dit nie in György Kálmán se artikel “Some borderline cases of translation” genoem word nie. Hy noem pseudovertaling, weggesteekte vertaling en selfvertaling (Kálmán 1986), maar abbavertaling word uitgelaat. Ringmar (2007:1) bespiegel dat dit kan wees omdat abbavertaling so 'n uiterste grensgeval is dat Kálmán dit nie noem nie, of omdat dit as so 'n normale verskynsel beskou word dat dit nie as 'n grensgeval bespreek hoef te word nie. Ek vind die gebrek aan belangstelling vreemd en 'n jammerte, want die oordrag van byvoorbeeld foute of die manier waarop kulturele en ideologiese aanpassings van een teks na 'n ander gemaak word, kan interessante data in terme van kultuurstudie oplewer.

Soos hier bo genoem, word vertalings dikwels as 'n soort afgewaterde weergawe van 'n oorspronklike teks beskou en daarom kan abbavertalings as 'n afgewaterde weergawe van 'n afgewaterde weergawe van 'n teks gesien word. 'n Abbavertaling behoort egter nie noodwendig swakker as 'n direkte vertaling te wees nie, maar daar is steeds baie negatiewe vooroordele jeens abbavertalings. Qvale (in Ringmar 2007:10) noem dit “a very unfortunate procedure” en oor die Engelse abbavertaling van die Yslandse roman *Salka Valka* sê Haugen (in Ringmar 2007:10): “[I]t was made from Danish and therefore negligible as a work of art” (my beklemtoning). Dina (in St André 2008:230) sê: “I find the concept of ‘relay’ translation appalling” en Landers (2001:131) meen dat abbavertalings sover moontlik vermy moet word en voeg by dat hy nog nooit self een gedoen het nie “and I have not plans to do one”. Blumer (2000:24) betreur die feit dat Afrikaanse romans dikwels deur middel van abbavertalings in Europese tale vertaal word: “Wat die [Duitse] leser uiteindelik te lese kry, is enersyds skaars meer verstaanbaar en andersyds so ver verwyderd van die oorspronklike teks dat dit skaars nog herkenbaar is.”

Unesco beveel aan dat “as a general rule, a translation should be made from the original word, recourse being had to retranslation [abbavertaling] only where absolutely necessary.”⁶ In die etiese kode van die Vereniging van Franse literêre vertalers, die Association des Traducteurs

Littéraires de France, word dit ook duidelik gestel (punt nommer drie uit twaalf, dus kan 'n mens aanneem dat dit as redelik belangrik geag word) dat die vertaler hom- of haarself daarvan sal weerhou om te vertaal vanaf 'n ander vertaling in 'n vreemde taal, genoem "traduction-relais", tensy die skrywer hom uitdruklik toestemming daartoe gee.⁷

Daar is veral drie verwante redes waarom abbavertalings nie wenslik is nie. Die eerste is natuurlik dat enige foute wat in die eerste vertaling voorkom, in die abbavertaling oorgedra gaan word. Dit sluit in verkeerde interpretasies, weglatings of foute wat as gevolg van onkunde, nalatigheid, gebrek aan tyd of watter ander rede ook al gemaak is. In *Toorberg* word daar byvoorbeeld gemeld dat Jan Swaat as jong man "van die veld en deur planmakery" aan die lewe gebly het (Van Heerden 1986:86). In Engels is dit vertaal as "lived by his wits and his veldcraft" (Van Heerden 1989:118). "Veldcraft" word gewoonlik as twee woorde of met 'n koppelteken geskryf en nie as een woord nie, maar 'n Engelse leser behoort redelik maklik te kan aflei wat daarmee bedoel word. Die Franse teks lees "vivant de son intelligence et de sa veldcraft" (Van Heerden 1990:148). "Veld(t)" is 'n erkende woord in Frans om die oop ruimtes in Suid-Afrika te beskryf, maar dit lyk asof die vertaler nie die twee lekseme, "veld" en "craft" herken het nie. Die woord (of spelfout) is dus net so oorgedra in die Franse teks sonder enige verduideliking in die teks self of in die glossarium.

Die tweede rede hou verband met die feit dat taal en kultuur nie van mekaar geskei kan word nie, en dat 'n skrywer se werk binne 'n sekere kulturele, politieke en geskiedkundige konteks geskep en begryp word. Vertaling is 'n kommunikasiehandeling tussen twee kulture; dit is, volgens Abou (in Muguraş 2009:17), 'n "bevoorregte plek vir dialoog tussen twee kulture". Die vertaalhandeling plaas dus twee kulture in kontak met mekaar en maak die een oop vir die ander, maar weens verskille tussen die kulture beteken dit dat die bronkultuur noodwendig tot 'n mindere of meerdere mate vir die behoeftes van die doelkultuur aangepas gaan word.

Weens hierdie verskille tussen tale en kulture is daar strategieë ontwikkel om die vertaling van kulturele begrippe en verwysings en kultuurgebonde woorde te hanteer. Hierdie referente en woorde is elemente waarvan die funksie en konnotasies vertaalprobleme veroorsaak aangesien hulle binne 'n sekere konteks (brontekst) bestaan en betekenis het, maar nie noodwendig in 'n ander nie, soos byvoorbeeld die term *lokasie* in die Suid-Afrikaanse apartheidskonteks (sien 4 hier onder). *Vertaalstrategie* word omskryf as 'n potensieel bewuste prosedure vir die oplossing van 'n probleem wat 'n individu in die gesig staar wanneer 'n tekssegment uit een taal in 'n ander vertaal moet word (Lörcher in Schäffner en Wiesemann 2001:26). Die gepaste manier om kulturele begrippe te vertaal hang van die verskillende faktore, insluitend die eienskappe van die doelpubliek, af. Volgens James (2001) het brontekstlesers kennis oor spesifieke aspekte van hulle kultuur en geskiedenis en het hulle geen probleme om die teks of die skrywer se idees te verstaan nie. Doeltekstlesers is veronderstel om iets omtrent die brontekstland te weet, maar het nie noodwendig genoeg kennis om spesifieke kulturele situasies soos in die teks beskryf, te begryp nie. Daarom moet vertalers hierdie kulturele situasies of verwysings op een of ander manier aan hierdie lesers openbaar (of nie).

Om twee kulture deur vertaling in kontak te bring, kan vertalers domestikerend of vervreemdend vertaal. Dit beteken dat die vertaler kan besluit om die teks vir die doelpubliek aan te pas deur vreemde elemente met bekendes te vervang, of die vertaler kan die vreemde elemente behou om daardeur juis die vreemde kultuur aan die leser bekend te stel. Hierdie twee benaderings kan teruggetrek word na Friedrich Schleiermacher (1813), wat geglo het dat daar slegs twee maniere is om te vertaal: óf die vertaler laat die skrywer in vrede en neem die leser na die skrywer (vervreemding), óf hy laat die leser in vrede en neem die skrywer na die leser (domestikering). 'n Literêre werk word hoofsaaklik domestikerend of hoofsaaklik vervreemdend vertaal, maar dikwels word albei benaderings binne een teks toegepas ter wille van vlotheid of begrip.⁸ Tussen uiterste domestikering⁹ en uiterste vervreemding is daar egter

'n spektrum strategieë wat die vertaler kan gebruik. Die gekose strategie hang af van verskeie faktore, soos die konteks en die doel van die vertaling, die vertaler se kennis, voorkeure en so meer.

Vinay en Darbelnet (1958) het sewe prosedures wat tydens die vertaalproses toegepas kan word, vasgestel, naamlik ontlening, *calque* (leenvertaling), letterlike vertaling, transposisie, modulاسie, ekwivalensie en aanpassing.

Hervey en Higgins (2002) onderskei tussen vyf kategorieë van strategieë, naamlik eksotisme, *calque*, kulturele ontlening, kommunikatiewe vertaling en kulturele oorplanting.

Aixela (1996) onderskei tussen twee hoofkategorieë, naamlik behoud en vervanging. Die eerste behels die behoud van dieselfde kulturele referent, met of sonder geringe wysiging, en sluit in herhaling, ortografiese aanpassing, linguistiese (en nie kulturele nie) vertaling, ekstratekstuele glos of intratekstuele glos. Vervanging behels dat daar 'n ander kulturele referent gekies word en sluit sinonimie, beperkte veralgemening, totale veralgemening, naturalisering, weglating en nuutskepping in.

Ook Davies (2003) noem sewe strategieë, naamlik behoud, byvoeging, weglating, globalisering, lokalisering, transformasies en skepping.¹⁰

Hieruit is dit duidelik dat daar 'n hele aantal maniere is waarop 'n vertaler 'n kulturele verwysing kan hanteer. Dit kan beteken dat die vertaler sommiges uitlaat, of met byna ooreenstemmende verwysings uit die doelkultuur vervang, veral as daar hoofsaaklik domestikerend vertaal word, of dat die verwysings behou word en in 'n intratekstuele of ekstratekstuele glos omskryf word. 'n Voorbeeld hiervan is as *croissant* as *broodrolletjie* vertaal word, of in 'n uiterste geval as *spek en eiers*, of *biltong*, wat intratekstueel as *viande séchée* (gedroogde vleis) omskryf word. Gewoonlik is die vertaler redelik vry in die keuses wat gemaak word, en hoewel dit soms maklik is om 'n vertaler se keuses te kritiseer, beteken dit nie noodwendig dit is verkeerd nie – elke vertaler het 'n eie styl en 'n eie siening oor vertaling. Wat dit wel beteken, is dat die abbavertaler geen beheer het oor die keuses wat die eerste vertaler gemaak het nie en 'n teks moet vertaal wat reeds aangepas is vir 'n ander doelpublik volgens die eerste vertaler se oortuigings.

As ons aanneem dat die abbavertaler nie die oorspronklike brontaal verstaan nie, beteken dit dat hy of sy nie dieselfde kennis van die oorspronklike BT as die vertaler van DT1 kan hê nie. Dit kan wel gebeur dat die abbavertaler met die bronkultuur bekend is, maar weens gebrek aan kennis van die brontaal van 'n ander vertaler se interpretasie van die teks afhanklik is. Sekere kulturele verwysings kan dus vir die abbavertaler onverstaanbaar wees, veral as die eerste vertaler besluit het om hierdie elemente te behou, maar nie te omskryf of te glos nie. Idiomatiese uitdrukkings wat die grense van realiteit oorskry, byvoorbeeld *dit reën katte en honde*, kan redelik maklik uitgeken en hanteer word. Wanneer daar egter uitdrukkings is wat 'n situasie op 'n "normale" manier beskryf, kan dit gebeur dat die vertaler dit nie as 'n idiomatiese uitdrukking herken nie. In *Toorberg* lees ons dat Jan Swaat gedros het van die Kaapse pandoere en noord gevlug het. "Bedags het hy weggekruip en net beweeg as dit skoon om hom was" (Van Heerden 1986:87). In Engels is dit idiomaties vertaal met "[...] hidden by day and moving only when *the coast was clear*" (Van Heerden 1989:118, my beklemtoning). Die Franse vertaler het hierdie uitdrukking direk vertaal as "[...] quand la côte était dégagée" (Van Heerden 1990:149), letterlik: "[...] wanneer die kus oopgetrek was". In die Franse teks skep dit die indruk dat Jan Swaat naby die see is, wat volgens die Afrikaanse teks nie die geval is nie.

Vertaalprobleme ontstaan ook veral in die geval van linguistiese en referensiële leemtes. Linguistiese leemtes word veroorsaak deur gapings in die semantiese veld. Alhoewel hierdie konsepte of verwysings wel in die ervaring van die doeltaalgemeenskap teenwoordig is of kan

wees, is daar óf nie 'n term daarvoor nie óf dit word deur 'n ander term uitgedruk. In Frankryk word die woord *église* (*kerk*) byvoorbeeld gebruik om na katoliekekerkgeboue te verwys terwyl *temple* vir 'n protestante kerk gebruik word. Dit sou egter verwarrend wees as 'n Afrikaanse of Engelse vertaler *tempelltemple* in plaas van *kerk/church* in 'n vertaling van 'n Franse teks sou gebruik. Referensiële leemtes word veroorsaak deur ekstralinguistiese faktore, dit wil sê gapings in die verwysingsveld wat na begrippe buite die horison van die doeltaalgemeenskap verwys (Dagut 1981:64), byvoorbeeld *Krugerponde*, *Antjie Somers* of *volstruispaleis*.

'n Ander potensiële probleem waarop vertalers bedag moet wees, is wanneer dieselfde woorde gebruik word om na kulturele begrippe te verwys, maar die konnotasies wat aan die woorde geheg word, in die doel- en bronkultuur verskil. Die Afrikaanse woord *rooinek* kan byvoorbeeld nie as *redneck* in (Amerikaanse) Engels vertaal word nie, want al is dit linguisties 'n korrekte vertaling, stem die konsepte waarna hulle verwys, glad nie ooreen nie.¹¹ Dit is wel deesdae danksy die internet moontlik om op te lees oor 'n ander kultuur, maar soms is daar implisiete verwysings en waardes in 'n teks wat deur lede van 'n gemeenskaplike kultuur gedeel word. Hierdie waardes en verwysings is so deel van die kultuur dat dit dikwels nie eens deur sprekers opgemerk word nie. Hier verwys ek spesifiek na *Toorberg* (Van Heerden 1986), waar die stoere Moolmanfamilie almal Afrikaanse name het terwyl die aktivis, Pastoor Oneday Riet, se kinders se name Engels is. Dit is om implisiete ideologiese redes die geval, en die vertaling van die Afrikaanse name in Engels verwing die duidelik politieke, ideologiese en historiese verwysingsraamwerke wat in die roman bestaan. Die vertaler moet dus bewus wees van die konnotasies van sekere terme in verskillende kulture en veral vir die spesifieke kulture waarin en waaruit hy of sy vertaal, en dit kan slegs gebeur indien die vertaler die bronkultuur goed ken.

Dit bring ons by die derde, net so belangrike, rede waarom abbavertalings met agterdog bejeën kan word, en hou verband met die vertaler self se kulturele vaardigheid. Veral in literêre vertaling bestaan daar nie iets soos 'n perfekte vertaling nie en verskillende vertalers se vertalings van dieselfde teks kan (soms aansienlik) verskil. 'n Vertaalde werk word deur die persoonlike geskiedenis van die vertaler en deur sy of haar eie sosiale, kulturele en politieke agtergrond¹² en posisie gevorm en boonop het elke vertaler ook 'n eie styl. Die vertaler is tegelykertyd vry én onderhewig aan die vereistes van die uitgewer, die redigeerder, die teks, die kliënt, die skrywer en die era waarin die vertaling plaasvind.¹³ André Lefevere het die begrip van "refracted" tekste bekendgestel. In fisika verwys *refraction* (*straal-* of *ligbreking*) na die manier waarop golwe (lig, klank, en so meer) buig of van rigting verander as gevolg van 'n verandering in die medium waardeur dit voortgeplant word en Lefevere gebruik hierdie term om te verwys na die aanpassing van 'n literêre werk vir 'n spesifieke gehoor met die doel om die manier waarop daardie gehoor die teks lees, te beïnvloed (Lefevere 1982:241). Die ooglopendste vorm van hierdie soort aanpassing is vertaling, want die BT word deur die vertaler se eie begrip van die teks geprosesseer (Venuti 2004a:484).¹⁴ In die geval van 'n abbavertaling kry die vertaler van DT2 dus 'n BT (DT1) wat reeds een keer "gebuig" is, en weens 'n gebrek aan kennis van die brontaal (en gewoonlik ook die bronkultuur) kan die vertaler slegs met die teks wat aan hom of haar gegee is, werk.

Vertaling is nie net 'n linguistiese aktiwiteit nie, en daar word van 'n vertaler verwag om naas tweetalig ook bikultureel te wees; dit wil sê kennis van die bron- en doelkultuur is nodig om suksesvol te vertaal. Wanneer daar in vertaalstudies gesê word dat die vertaler bikultureel moet wees, wil dit egter voorkom asof daar nie duidelik gedink is oor wat bikulturaliteit behels nie en asof daar aangeneem word dat die vertaler noodwendig die *regte* kulturele kombinasie sal hê, dit wil sê van die bron- en doelkultuur. Vir 'n Afrikaanse vertaler wat Suid-Afrikaanse Engelse tekste vir die Afrikaanse lesersmark vertaal, is dit redelik voor die hand liggend: bikulturaliteit beteken die Afrikaanse en Suid-Afrikaanse Engelse kultuur. Maar wat van 'n Suid-Afrikaanse Engelse vertaler wat 'n Afrikaanse teks in Engels vertaal? Word daar net vir

die plaaslike mark vertaal, of moet ook moontlike Britse en Amerikaanse doeltekslesers in ag geneem word? Wat van 'n Franse vertaler wat Engelse tekste vertaal? Moet hierdie vertaler al die kulture wat Engels gebruik, ken? Die kulturele kennis wat die vertaler moet hê, moet nie onderskat word nie en vir sommige skrywers is dit net so belangrik as tweetaligheid. Daar is byvoorbeeld Engelssprekende Kanadese skrywers soos Neil Bissoondath wat daarop aandring dat sy boeke deur Kanadese Franse vertalers vertaal word (Trotignon 2008:12) en skrywers soos Ann-Marie MacDonald en David Homel wat dit in hulle kontrakte laat inskryf dat hulle werk deur vertalers van Quebec geredigeer of vertaal moet word (Côté 2003:par. 21). Dit is omdat vertalers uit Frankryk nie dieselfde kulturele bagasie as Frans-Kanadese vertalers het nie. Engelssprekende Kanadese skrywers maak die stelling dat Europese Franse vertalers nie in staat is om die Kanadese werklikheid en kulturele referente korrek weer te gee in vertalings nie:

Ek glo dat 'n Europese vertaler wat nie in die Verenigde State of in Kanada gewoon het nie, nie in staat is om 'n Amerikaanse of Engels-Kanadese roman gepas of oortuigend weer te gee nie. Die Québécois is daarvoor buitengewoon goed geplaas, want hulle leef in 'n Noord-Amerikaanse realiteit. Ons plaaslike Franse taal gee daardie realiteit weer, en 'n Europese Franse taal kan dit nie doen nie. (Steenhout in Collombat 2005:277, my vertaling)¹⁵

Hierdie skrywers praat egter van direkte vertalings, en ek wonder wat hulle te sê sou hê oor abbavertalings, of selfs oor vertalings in byvoorbeeld Duits of Nederlands waar dit nie noodwendig moontlik is om 'n vertaler te kry met eerstehandse kennis van die VSA of Kanada nie. Ek wil dit waag om te sê dat 'n abbavertaler op linguistiese vlak nog kan "raai" wat in die oorspronklike BT gestaan het en 'n vertaling kan doen wat taalkundig korrek is. Indien kulturele kennis egter ontbreek, kan dit daartoe lei dat *Cape Flats* byvoorbeeld in Frans vertaal word as 'n soort massabehuisingskema vir minderbevoorregte mense en nie as 'n woongebied nie (Guiloinéau 2011). Indien hierdie Franse teks dan as BT vir 'n ander vertaling gebruik word, word hierdie fout verder oorgedra.

Daar word oor die algemeen geglo dat abbavertalings swak is, maar dit is baie moeilik om te sê of 'n vertaling (as vertaling) goed of swak is as dit nie met sy BT vergelyk word nie, en dit word eintlik net gedoen deur persone wat in hierdie veld belangstel. Die algemene publiek is dus oorgelewer aan die vertaalde teks en aan resensies oor 'n vertaling wat dikwels deur kritici wat nie die BT gelees het nie, geskryf word. Dit kan dus gebeur dat 'n baie getroue vertaling as vertaling gekritiseer word deur 'n resensent wat dalk ook nie van die BT sou gehou het as hy dit kon lees nie.

Naas resensies kan daar ook gekyk word na pryse wat aan vertalings toegeken word (maar selfs in hierdie geval is dit nie seker of die BT noodwendig gebruik is om te bepaal hoe goed die vertaling regtig is nie). 'n Vlugtige blik op die lys wenner van die gesogte Franse Prix du Meilleur livre étranger – toegeken aan die beste buitelandse boek wat in Frans vertaal is¹⁶ – wys dat al die pryse wat tussen 1948 en 2014 toegeken is, na direkte vertalings gegaan het. Slegs een vertaling is deels uit 'n TT gedoen. Dit is dus streng gesproke nie 'n abbavertaling nie, want die BT is ook gebruik.¹⁷

Ten spyte van die kritiek het abbavertalings ook voordele. Landers (2001) stel dit tereg dat sekere klassieke werke van die wêreldliteratuur nooit in kleiner tale gelees sou word as dit nie vir abbavertaling was nie, of dit sou net soveel langer geneem het. Abbavertalings laat ook toe dat letterkunde uit minderheidstale aan die wêreldpubliek bekend gestel word (hierdie artikel fokus op Afrikaanse romans, maar deur abbavertaling kan werke wat in byvoorbeeld isiZulu en isiXhosa geskryf is, die Europese mark bereik).¹⁸

2.2 *Waarom word abbavertalings dan gedoen?*

Die mees voor die hand liggende rede vir abbavertalings is dat die vertaler nie die brontaal verstaan nie. Soms is hierdie rede absoluut, dit wil sê daar is geen vertaler wat die brontaal verstaan nie, en soms is dit relatief, dit wil sê geen vertaler wat die brontaal ken, is beskikbaar nie. Wanneer daar 'n absolute gebrek is, beteken dit dat daar geen ander keuse is as om 'n abbavertaling te doen nie.

'n Gebrek aan kennis van die brontaal is egter nie die enigste rede nie. Daar kan behalwe linguistiese redes ook ideologiese en sosiale redes wees waarom daar van abbavertalings gebruik gemaak word. Op 'n meer ideologiese vlak kan 'n abbavertaling gekies word oor die aansien van die tussentaal, soos hier bo in die geval van Latyn genoem, of gedurende die 17de en 18de eeu toe Frans die voorkeurbrontaal was, hetsy as die bron- of as die tussenteks (Graeber 1991:5).¹⁹

Soms is abbavertalings gedoen omdat die BT nie verkrygbaar was nie, of baie moeilik verkrygbaar was, hoewel dit nie vandag meer so 'n groot probleem is nie. Vanuit 'n meer sosiale oogpunt kan die uitgewer op 'n abbavertaling besluit omdat die TT van 'n baie hoë kwaliteit is, of dit kan wees om tyd te bespaar en koste te verminder, aangesien uitgewers (ten minste in Frankryk) minder betaal vir vertalings uit dominante tale soos Engels waarvoor daar baie vertalers is, maar 'n vertaling uit 'n skaars of minderheidstaal soos Afrikaans kos heelwat meer, dalk juis weens die skaarste aan vertalers. Die uitgewer kan ook verkies om 'n ervare vertaler aan te stel wat uit hierdie dominante taal vertaal eerder as om die risiko te loop om 'n minder ervare vertaler uit 'n minderheidstaal te gebruik (Ringmar 2007:6–7). Ringmar (2007:6) suggereer dat abbavertaling ook met 'n lae boek-per-vertaler-verhouding saamval. Dit wil sê, wanneer daar 'n spesiale skrywer-vertaler-verhouding bestaan (wanneer 'n vertaler omtrent al die werk van 'n spesifieke skrywer vertaal), word daar meestal van direkte vertaling gebruik gemaak. Wanneer so 'n verhouding nie bestaan nie, kom abbavertaling meer dikwels voor. In die geval van die Turkse Nobelpryswenner Orhan Pamuk is ses uit sewe boeke deur dieselfde vertaler in Fins vertaal (direkte vertaling). Vir die Sweedse vertalings van Pamuk waar Engels die tussentaal was, vind ons ses vertalers vir sewe boeke.

Abbavertalings speel ook 'n belangrike rol in kommunikasie tussen tale en kulture, veral waar (semi-)randstandige of niedominante tale betrokke is. Om byvoorbeeld 'n Afrikaanse roman in Italiaans of Fins te vertaal, is die kans goed dat daar van 'n abbavertaling gebruik gemaak sal word. Selfs in vertalings tussen verwante tale word daar soms van abbavertalings gebruik gemaak. *Toorberg* is byvoorbeeld in Nederlands "uit het Engels met gebruikmaking van de Zuidafrikaanse tekst" vertaal (Van Heerden 1991).

Toury (1995) verwys na die sogenaamde Hebrew Enlightenment in die 18de en 19de eeu toe daar 'n poging aangewend is om eietydse Hebreeuse letterkunde dié van die res van die wêreld te laat inhaal. Dit sou onmoontlik gewees het om hierdie agterstand in te haal as dit nie was vir die vertaling in Hebreeus van reeds bestaande (vertaalde) werke nie, dit wil sê werke wat reeds as "literêr" gemerk is. Hebreeus het desperaat nuwe tekste nodig gehad, vir sowel inhoud as modelle, en in die soeke na vernuwende tekste het dit nie juis saakgemaak of die BT 'n oorspronklike teks of 'n vertaling was nie – om 'n eindproduk in Hebreeus te skep was een BT so goed soos 'n ander.

2.3 *"They had nothing in common but the English language"*²⁰

Engels se oorheersing vandag is deels as gevolg van die posisie van Engels as bron- en doeltaal vir die grootste aantal vertalings wat wêreldwyd gedoen word (Bellos 2011:209). Die aspek wat 'n taal kultureel oorheersend maak, hou geen verband met die aantal soldate of

tenks of hoeveelheid geld wat hierdie taal rugsteun nie. 'n Kultureel oorheersende taal is 'n taal wat 'n beduidende aantal vertaalaktiwiteite tussen die taal self en 'n beduidende aantal ander tale in stand hou waar hierdie laasgenoemde tale minder bilaterale verhoudings het (Bellos 2011:208). Die oorheersing deur Latyn in die 4de-eeuse Europa byvoorbeeld is ook moontlik gemaak deur die feit dat Latyn 'n soort tussentaal of spiltaal (*pivot*) was waarin tekste vertaal is en waaruit dieselfde tekste weer in ander tale vertaal is, net soos dit vandag die geval met Engels is. Unesco se Index Translationum wys dat Engels die gewildste brontaal vir vertalings in (in alfabetiese volgorde) Arabies, Chinees, Duits, Frans, Hindi, Italiaans, Japannees, Nederlands, Spaans, Sweeds en Tamil is.²¹ Uit die bykans een miljoen vertalings wat gebruik is om die indeks saam te stel, het meer as 650 000 Engels as brontaal, en 'n verdere 10% van die totale aantal vertalings is in Engels gedoen. Engels is die medium as bron- of doeltaal van 75,12% van alle vertaalhandelinge (Bellos 2011:210). Unesco se lys is reeds voor 2011 gepubliseer en die inligting is sedertdien nog nie weer op datum gebring nie, maar ek neem aan dat die situasie nie veel verander het nie.

Dit hou egter gevolge vir abbavertalings in wanneer die TT'n Engelse vertaling is. Volgens Venuti (2008:18) is daar 'n tradisie in Anglo-Amerikaanse vertalings om te domestikeer, dit wil sê om die vertaling aan te pas by die doelpubliek se norme en behoeftes. Globalisering is stadig maar seker besig om tot 'n wêreldkultuur te lei en die meeste gemoderniseerde wêreldmoondhede is baie bekend met Amerikaanse "kultuur", danksy televisie, film, die kitskosrestaurantbedryf, musiek, en so meer – Katan (2004:32) praat van die "McDonaldisation" van die wêreld – en dit het ook 'n invloed op vertaling.

Campbell (2011:2) sê in 'n artikel oor Engelse vertalings van Franse romans dat daar 'n soort verplattung in vertaling plaasvind aangesien kultuurverskille nie in ag geneem word nie:

Translators take fewer liberties nowadays. The novelist and critic Tim Parks has written recently about the standardization and flattening of foreign texts, giving the effect of an "internationalist" translatoresque; universally edible but pretty flavourless. Dutch, Italian and Albanese writers are increasingly apt to sound alike, Parks suggests.

Dit is betreuenswaardig, maar een van die redes waarom daar so 'n verplattung plaasvind, is moontlik die verskeidenheid van die Engels-lesende doelpubliek. Dit gebeur dikwels dat 'n Engelse vertaler vir 'n Britse, Amerikaanse, Suid-Afrikaanse en Australiese doelpubliek vertaal, maar dan is daar ook 'n redelik groot mark vir lesers wat Engels as vreemde taal aanleer, byvoorbeeld in China.

Wat vertaalpryse betref, wil dit voorkom asof daar egter (in Europa ten minste) 'n groter skuif na vervreemdende vertaling is. In die finale verslag van 'n ondersoek oor die lewensvatbaarheid van 'n Europese literêre vertaalprys, die "Feasibility Study on a Literary Translation Prize" (Oktober 2010), word daar ondersoek gedoen na, en kriteria voorgestel vir, so 'n prys. Kundiges uit verskillende domeine (vertalers, uitgewers, akademici, literêre kritici) is deur middel van 'n vraelys uitgenooi om voorstelle te maak. Een van die belangrikste kriteria was:

In addition to basic quality criteria, the award should therefore affirm that translation is about translating individual authors and the specificity of their literary style. Thus, the award should reward the translator's ability to *render the specificity of the author and not to [render] the specificity of the recipient language tradition*. (Wischenbart 2010:83, my beklemtoning)

Die groot gevaar is natuurlik dat die *specificity of the author*, wat taal en kultuur insluit, verlore kan raak in die abbavertaling, veral as dit reeds tot 'n mate uitgewis is in die (Engelse) tussentekste.

As die abbavertaler nie die brontaal of -kultuur tot so 'n mate ken dat hy kan agterkom dat kulturele elemente geskrap of veralgemeen of aangepas is nie, sal hy dit nie kan "herstel" nie, veral as die doelkultuur van die abbavertaling vervreemdende vertalings verkies, soos hier bo genoem.

3. Afrikaanse romans in Frans

Vir die doel van hierdie artikel het ek Afrikaanse werk wat in Frans vertaal is, rofweg in drie periodes verdeel: die eerste periode strek vanaf 1914 tot 1975, die tweede van 1976 tot 1994, en die derde periode vanaf 1995 tot nou.

Hierdie indeling is om politieke redes gekies: die eerste periode van 61 jaar strek vanaf die erkenning van Afrikaans as amptelike taal tot die jaar voor die Soweto-opstande, die tweede periode van 18 jaar dek die periode toe die buitewêreld baie krities was jeens Suid-Afrika se apartheidsbeleid en die laaste periode van 19 jaar dek die tyd vanaf die eerste demokratiese verkiesing.

3.1 Die eerste periode

Tydens die eerste periode van 61 jaar is daar uit altesaam 80 vertaalde werke net twee Afrikaanse romans in Frans vertaal.²² Die eerste is A.A. Pienaar (Sangiro) se *Uit oerwoud en vlakke* (1923) wat vertaal is as *Histoire d'une famille de lions, récit africain* in 1930 (en herdruk in 1949 en 1954). Veertig jaar later verskyn die tweede roman, naamlik Etienne Leroux se *Sewe dae by die Silbersteins* (1962), vertaal as *Sept jours chez les Silberstein* (1970). Albei is abbavertalings, gedoen uit die Engelse teks. Oor die vertaler van Sangiro se teks, J. Benais, is daar nie veel bekend nie, maar Jacqueline Rémillot, die vertaler van Leroux, vertaal steeds en werk uit Engels en Italiaans in Frans.

3.2 Die tweede periode

Tydens die tweede periode van 18 jaar (1976–1994) was daar 'n hoogbloei in die Franse vertaling van Suid-Afrikaanse werk met omtrent 336 vertaalde werke. 1976 en 1977 was jare wat 'n groot invloed nie net op die geskiedenis van Suid-Afrika gehad het nie, maar ook op die vertaling van Suid-Afrikaanse tekste in Frans. Dit is in hierdie tyd dat die twee groot name uit Suid-Afrika, André P. Brink en Breyten Breytenbach, hulle verskyning in Frankryk maak. Later kom ook Nadine Gordimer (1979) en J.M. Coetzee (1985) by en hierdie skrywers staan bekend as "die groot vier" of "le quatuor blanc" ("die wit kwartet"), aldus Magnier (2001:28).²³

Hierdie periode is interessant wanneer 'n mens kyk na die soort tekste wat vertaal is, wie hulle uitgegee het, asook die vertalers. Op daardie tydstip het daar in Frankryk wantroue ten opsigte van sogenaamde betrokke (*engaged*) letterkunde bestaan, want daar is geglo dat die politieke boodskap swaarder as die literêre waarde van die werk weeg. Uitgewers is daarop uit om 'n wins te maak, en sal daarom eerder die reeds bekende "wit kwartet as onbekende skrywers met 'n politieke agenda" (Richard 2005:17) publiseer. (Al het hierdie vier skrywers ook 'n politieke agenda gehad, was hulle sonder enige twyfel literêre swaargewigte en die letterkundige meriete van hulle werk het geensins onder die politieke boodskap gely nie.) Boonop het baie skrywers in hierdie onstuimige tydperk gedigte en toneelstukke met 'n politieke inslag geskryf²⁴ en hierdie genres is die stiefkinders van die uitgewersbedryf. Daarom het die groot uitgewers, soos Gallimard en Stock wat die groot vier gepubliseer het, omtrent geen ander Suid-Afrikaanse skrywers laat vertaal nie. Daar was wel kleiner uitgewers – Richard (2005:18) verwys na hulle as die "ghetto" – soos Silex, Karthala en L'Harmattan wat 'n besondere belangstelling in Afrikaletterkunde gehad het en hulle het dikwels die gedigte

en dramas in versamelings, tydskrifte en revues wat oor Suid-Afrika handel of in spesiale uitgawes wat apartheid onder die loep wou neem, opgeneem.

Tydens hierdie periode vind ons ook dat dit dikwels die vertalers self is wat tekste vir publikasie voorstel. Richard (2005:15) noem hulle die militante vertalers wat op hulle manier gehelp het om die stryd teen apartheid te stry deur tekste te vertaal en aan uitgewers voor te lê. Daar is 'n aantal professionele vertalers wat Suid-Afrikaanse werk vertaal, maar ons sien ook byvoorbeeld joernaliste, skrywers en dosente met 'n spesifieke belangstelling in Suid-Afrika (soos Christine Delanne-Abdelkrim, Jacques Alvarez-Péreyre, Jean Sévry, Catherine Belvaude en Jean-Pierre Richard self) wat as vertalers optree om anti-apartheidstekste vertaal en gepubliseer te kry.

Sewe Afrikaanse romans word in hierdie tyd in Frans vertaal. In 1981 verskyn Elsa Joubert se roman *Die swerfjare van Poppie Nongena* (1980, vertaal as *Le long voyage de Poppie Nongena*, deur Dominique Petillot), in 1984 Dalene Matthee se *Kringe in 'n bos* (1984, vertaal as *Des cercles dans la forêt*, deur Sabine Boulogne), en in 1985 sien Wilna Stockenström se *Die kremetartekspedisie* (1981) die lig as *Le Baobab* (vertaal deur Sophie Mayoux). Die ander romans is Matthee se *Fiela se kind* (1985, vertaal as *Le Fils de Fiela* deur Anne-Marie Jarriges, 1988), Etienne van Heerden se *Toorberg* (1986, vertaal as *Le Domaine de Toorberg*, 1990, deur Anne Rabinovitch), Karel Schoeman se *'n Ander land* (1984, vertaal as *En étrange pays*, 1993, deur Jean Guiloineau) en Jeanne Goosen se *Ons is nie almal so nie* (1990, vertaal as *On n'est pas tous comme ça*, 1994, deur Christine Le Bœuf).

Net soos tydens die vorige periode, is al hierdie vertalings abbavertalings wat die Engelse vertalings as brontekste gehad het.

Uit hierdie groep vertalers is dit veral Sophie Mayot en Jean Guiloineau wat gereeld Suid-Afrikaanse werke vertaal. Al is hulle vertalings van Afrikaanse tekste abbavertalings, kan ons tog met redelike sekerheid sê dat hulle danksy hulle vertalings van 'n groot aantal Engelse Suid-Afrikaanse tekste 'n baie goeie kennis van Suid-Afrika en die Suid-Afrikaanse politieke en kulturele landskap openbaar. Mayot het tussen 1981 en 1992 sewe werke van J.M. Coetzee vertaal en Guiloineau vertaal tydens hierdie tweede periode 19 Suid-Afrikaanse tekste, waaronder agt elk van André P. Brink²⁵ en Breyten Breytenbach.²⁶ Guiloineau gaan nog verder: vir hom is dit ondenkbaar om 'n groot skrywer te vertaal sonder kennis van die skrywer se land, geskiedenis, kultuur, kos, plantegroei, diere en so meer (Guiloineau 2011).²⁷ Al doen Guiloineau dus abbavertalings, kan ons sekerlik aflei dat hy genoeg kennis en begrip van Suid-Afrika het om die spesifieke eienskappe van die skrywer en die bronkultuur te behou en op gepaste wyse in Frans weer te gee. Dit is egter nie noodwendig die geval met eenmalige of eerste-maal-vertalers soos Anne Rabinovitch nie. Kennis van die bronkultuur sou tien teen een verhoed het dat Antjie Somers, wat "doekvoet loop" (Van Heerden 1986:83), as *Antie Somers* met "pieds en canard" moes probeer kinders vang. "Pieds en canard" (letterlik *eendvoete*) kom veral by kinders voor wat hulle voete indraai wanneer hulle begin loop. Die Engelse vertaling, *padded feet*, was korrek, maar is verkeerd deur die Franse vertaler geïnterpreteer.

Aan die einde van die 1980's wou dit voorkom asof daar 'n soort normalisering in die publikasie van vertalings uit Suid-Afrika plaasvind. Vantevore is die konteks hoofsaaklik deur die stryd teen apartheid oorheers, maar van toe af word daar nuwe skrywers in Frankryk gepubliseer deur uitgewers wat niepolities en ongepolariseerd is. Hierdie skrywers was onbekend in Frankryk, maar was in die nuus in Suid-Afrika en die uitgewers het tien teen een om finansiële redes 'n kans gewaag om hulle te publiseer. Richard (2005:20) merk op dat die meerderheid van hierdie "vondste" of "ontdekkings" tien of vyftien jaar later egter in Frankryk in die vergeetheid verdwyn het. Van die skrywers wat wel bekendheid verwerf het in Frankryk, is Gillian Slovo (met twee romans) en veral Mike Nicol (met vier romans). Richard (2005:20) wonder tereg of

hulle sukses toegeskryf kan word aan die feit dat die vertalings gedoen is deur Jean Guiloineau (Slovo) en Catherine Lauga-du Plessis²⁸, wat bekend is met Suid-Afrika en dalk gesien kan word as spesialiste op die gebied.

Ons sien ook dat middelslaguitgewers soos Belfond en Laffont begin om Suid-Afrikaanse tekste te publiseer, dit wil sê Suid-Afrikaanse letterkunde kon uit die twee enklaves beweeg: dié van die groot uitgewers wat net die groot vier publiseer en dié van die ghetto wat die betrokke werke gepubliseer het waarvoor die groot uitgewers so allergies was (Richard 2005:20). Daar is egter nie net ten opsigte van die uitgewers 'n verandering nie, maar ook ten opsigte van die vertalers. Die sogenaamde militante vertalers word nou vervang deur vertalers wat nog nooit vantevore met werk uit Suid-Afrika geassosieer is nie.

3.3 Die derde periode

Tussen 1976 en 1994 is daar betreklik baie Suid-Afrikaanse werk in Frans vertaal grootliks as gevolg van die politieke situasie wat groot belangstelling in Frankryk geniet het. Gelukkig kan ons opmerk dat daar geen afname is in die aantal werke wat reeds sedert die eerste demokratiese verkiesings vertaal is nie. Daar word steeds sogenaamde politieke werke gepubliseer,²⁹ maar daar word nou ook "populêre" werk ingesluit, soos Deon Meyer se spurverhale en Marita van der Vyver se *Griet skryf 'n sprokie*.

Naas die gereelde vertalers van Suid-Afrikaanse werk, soos Catherine Lauga-du Plessis en Jean Guiloineau, verskyn daar in hierdie tyd ook 'n aantal nuwe vertalers wat as't ware by die militante vertalers van die apartheidsjare oorneem en wat veral gekenmerk word deur die feit dat hulle as professionele vertalers opgelei is. Volgens Richard (2005:21) is dit 'n aanduiding dat Franse vertalings van Suid-Afrikaanse titels deesdae 'n soort status geniet, dit wil sê daar is 'n professionaliteit betrokke wat beteken dat sogenaamde minderheidsletterkunde en marginale letterkunde net soveel sorg as die dominante Amerikaanse en Britse letterkunde geniet. Die politieke betrokkenheid van die sogenaamde apartheidsvertalers word nou vervang deur professionele opleiding. Aan die een kant is dit 'n positiewe ontwikkeling vir Suid-Afrikaanse letterkunde, want die vertalings word nou deur opgeleide persone gedoen, maar aan die ander kant beteken dit dat die vertalers nie meer so passievol "betrokke" by die Suid-Afrikaanse situasie is nie en dat hulle nie noodwendig eerstehandse kennis van die land se kultuur dra nie.

In die 19 jaar van 1995 tot 2014 het ek reeds 380 vertaalde Suid-Afrikaanse werke getel en daar is ook 'n toename in Afrikaanse romans wat vertaal word. In teenstelling met die onderskeidelik twee en sewe Afrikaanse romans uit die eerste twee tydperke, is daar nou reeds 17 Afrikaanse romans in Frans vertaal wat in tabelvorm hier onder uiteengesit word:

Tabel 1. Afrikaanse romans in Frans

| Datum | Skrywer | Franse titel | Oorspronklike titel | Brontaal | Vertaler |
|-------|-----------------------|----------------------------------|------------------------------------|-----------|---------------------------------------|
| 1999 | Van der Vyver, Marita | <i>Héberer les anges</i> | <i>Griet skryf 'n sprokie</i> | Engels | Bella Norac |
| 2002 | Meyer, Deon | <i>Jusqu'au dernier</i> | <i>Feniks</i> | Engels | Robert Pépin |
| 2002 | Van Niekerk, Marlene | <i>Triomf</i> | <i>Triomf</i> | Afrikaans | Donald Moerdijk en Bernadette Lacroix |
| 2003 | Meyer, Deon | <i>Les soldats de l'aube</i> | <i>Orion</i> | Engels | Robert Pépin |
| 2004 | Meyer, Deon | <i>L'âme du chasseur</i> | <i>Proteus</i> | Engels | Estelle Roudet |
| 2004 | Schoeman, Karel | <i>La saison des adieux</i> | <i>Afskeid en vertrek</i> | Afrikaans | Pierre-Marie Finkelstein |
| 2005 | Van Heerden, Etienne | <i>Un long silence</i> | <i>Die swye van Mario Salviati</i> | Afrikaans | Donald Moerdijk |
| 2006 | Schoeman, Karel | <i>Retour au pays bien-aimé</i> | <i>Na die geliefde land</i> | Afrikaans | Pierre-Marie Finkelstein |
| 2007 | Meyer, Deon | <i>Le Pic du diable</i> | <i>Infanta</i> | Engels | Estelle Roudet |
| 2008 | Meyer, Deon | <i>Lemmer, l'invisible</i> | <i>Onsigbaar</i> | Engels | Estelle Roudet |
| 2009 | Schoeman, Karel | <i>Cette vie</i> | <i>Hierdie lewe</i> | Afrikaans | Pierre-Marie Finkelstein |
| 2012 | Meyer, Deon | <i>Treize heures</i> | <i>Dertien uur</i> | Engels | Estelle Roudet |
| 2012 | Meyer, Deon | <i>À la trace</i> | <i>Spoor</i> | Engels | Marin Dorst |
| 2013 | Meyer, Deon | <i>7 jours</i> | <i>7 Dae</i> | Engels | Estelle Roudet |
| 2014 | Van Niekerk, Marlene | <i>Agaat</i> | <i>Agaat</i> | Afrikaans | Pierre-Marie Finkelstein |
| 2014 | Meyer, Deon | <i>Kobra</i> | <i>Kobra</i> | Engels | Estelle Roudet |
| 2014 | Schoeman, Karel | <i>Des voix parmi les ombres</i> | <i>Verliesfontein</i> | Afrikaans | Pierre-Marie Finkelstein |

Uit bostaande tabel kan ons egter sien dat net sewe romans direk uit Afrikaans in Frans vertaal is, en dat al sewe vertalings deur slegs twee vertalers gedoen is, naamlik Donald Moerdijk en Pierre-Marie Finkelstein. Hoewel Finkelstein besig is om homself as 'n vertaler van Afrikaanse romans te vestig,³⁰ is hy nie 'n voltydse literêre vertaler nie – hy werk heeltyds by die Europese Unie en vertaal romans as 'n stokperdjie. Hy stel baie belang in Suid-Afrika en het vir 'n ruk hier as Frans-onderwyser gewerk. Wat Donald Moerdijk betref: hy is in Suid-Afrika gebore

en het hier grootgeword, maar het die land reeds in 1954 verlaat. Hy het steeds 'n lewendige belangstelling in die land, maar daar het sedert 2005 nog nie weer 'n vertaling deur hom van 'n Afrikaanse teks verskyn nie. Ons sien ook uit die lys dat dit veral Meyer en Schoeman is wat nou vertaal word. Hierdie twee skrywers is gewild in Frankryk, maar 'n mens is tog jammer en verbaas oor ander bekroonde Afrikaanse skrywers wat (nog) nie in Frans vertaal is nie.

4. Wat nou?

Die redding van Afrikaanse romans wat abbavertalings is, is dalk die feit dat hulle Engelse vertalers gewoonlik in Suid-Afrika woon en eerstehandse kennis van die Suid-Afrikaanse realiteit het. Dit beteken dat die (Suid-)Afrikaanse karakter van die werk tot 'n groot mate behou kan word.

Hier bo het ek verwys na Jean Guiloineau, 'n vertaler wat baie moeite doen om eerstehandse kennis op te doen oor die kultuur waaruit hy vertaal. Guiloineau het 'n groot aantal Suid-Afrikaanse werke vertaal en het dus die tyd gehad om die land te besoek en hom in die kultuur te verdiep. Dit is egter nie vir alle Franse vertalers moontlik om dit te doen nie, veral weens 'n gebrek aan tyd en geld. Sommige skrywers, soos J.M. Coetzee, het hulle gereelde vertalers, maar dit gebeur eintlik redelik min, en aangesien vertalers gewoonlik nie "spesialiseer" in 'n sekere land nie, is dit haas ondenkbaar om te verwag dat 'n vertaler soos Anne Rabinovitch Suid-Afrika, Kanada, Amerika, Australië of Engeland, na gelang van die roman wat sy vertaal, moet besoek en grondig moet leer ken.

Soos ek reeds gemeld het, behoort abbavertalings nie noodwendig swak te wees nie, en ons kan nie al die vertalings oor dieselfde kam skeer nie. So het *Les soldats de l'aube* (Orion) van Deon Meyer reeds twee pryse in Frankryk losgeslaan, maar hierdie pryse is aan die roman as speurrroman toegeken en nie as vertaling nie.³¹ Ek het nie al die Franse vertalings van Afrikaanse romans bestudeer nie, maar 'n dieptestudie van *Le Domaine de Toorberg* wys dat die Franse vertaling soms redelik ver van die oorspronklike Afrikaanse teks verwyderd is. Dit is deels omdat die Engelse vertaling, weliswaar 'n goeie vertaling, aangepas is vir 'n wye Engelse leserspubliek en deels omdat die Franse vertaler se gebrek aan eerstehandse kennis van Suid-Afrika gelei het tot foute en vreemde vertaalkeuses. Ons vind byvoorbeeld dat die Afrikaanse term *lokasie* (*location* in Engels), wat verwys na die swart en bruin woonbuurte langs Suid-Afrikaanse dorpe, in Frans vertaal is as *township*, *réserve*, *réserve noire*, *commune noire* of *banlieue*. Die Franse term *location* kan nie gebruik word nie, aangesien dit "huur" of "verhuring" beteken, maar *réserve*, *réserve noire* en *banlieue* is onvanpas in die Suid-Afrikaanse konteks.³²

Indien dit nie gewens is om abbavertalings te doen nie, behoort daar dalk anders gekyk te word na die manier waarop Afrikaanse romans in Frans vertaal word (en al is dit te vroeg om te sê, wil dit tog voorkom asof sommige Franse uitgewers wel besig is om dit te doen).

Twee moontlikhede waaraan ek kortliks gaan aandag gee, is vertaling uit die moedertaal en die gebruik van brontaalredigeerders en -hersieners.

Die algemene siening is dat vertalers slegs in hulle moedertaal of eerste taal (L1)³³ moet vertaal (Marmaridou 1996:60) en vertaalliggame, asook etlike teoretici, raai vertaling uit L1 af, aangesien die vertaler se vaardigheid in L2 noodwendig die eindproduk op die spel plaas (Stewart 2000:206). Newmark (1988:3) sê byvoorbeeld dat "translat[ing] into your language of habitual use [...] is the only way you can translate naturally, accurately and with maximum effectiveness." Die British Translators' Guild stel dit in sy riglyne getiteld "You and Your Translator" soos volg: "Above all, never ask a translator to translate *from* his/her own language" (Stewart 2000:206, my beklemtoning). Vir teoretici soos Admiral (en selfs vir

Martin Luther) (in Beeby Lonsdale 2009:85) behoort vertaling in die L2 gedoen te word slegs as 'n pedagogiese oefening om die L2 te toets. Die redes hiervoor is voor die hand liggend. Daar word algemeen aanvaar dat 'n mens jou beter uitdruk in jou L1 as in jou L2. Nog 'n rede is die siening dat vertalers noodwendig 'n dieper linguistiese en kulturele agtergrond van hulle L1 as van enige ander taal het en daarom beter vertaal in L1. Vertaling in L1 laat 'n vertaler dus toe om vir kulturele elemente soos idiome, metafore, kollokasies en tussenwerpsels wat in die L2-tekste voorkom, die gepaste ekwivalent in L1 te vind.

Volgens Lorenzo (1999:121) wys empiriese studies oor L2-vertaling dat L2-vertalers dikwels nie risiko's neem in die vertaalhandeling nie, en dat dit moeilik vir L2-vertalers is om die aanvaarbaarheid van hulle eie produk te evalueer. Om hierdie onsekerheid te bowe te kom, gebruik vertalers sekere "oorlewingstrategieë", wat hoofsaaklik behels dat die vertaler die veiligste opsie kies, wat ook kan lei tot 'n verplating van die teks, soos hier bo genoem. Hierdie aspek hou natuurlik implikasies vir abbavertalings in. Indien die TT 'n vertaling is wat deur 'n L2-vertaler vir 'n L2-publiek gedoen is, kan dit beteken dat die TT 'n baie "veilige" (of flou) weergawe van die oorspronklike BT is en kan die abbavertaling dus nog "flouer" wees.

Die tradisionele siening is dus dat vertalings in L2 swakker is as vertalings in L1. Dit is egter 'n praktyk wat reeds in die Antieke era beoefen is en die vroeë humaniste het in die reël uit hulle L1 vertaal (Beeby Lonsdale 2009:85). Daar is ook geen wetenskaplike bewys dat L2-vertalings swakker is as L1-vertalings nie (Pokorn 2005:119). Die afgelope paar dekades het navorsers egter meer krities begin kyk na die sogenaamde *directionality*, dit wil sê die rigting waarin 'n vertaler vertaal. Campbell (1998:4) beskryf L2-vertaling as 'n normale aktiwiteit wat net so wyd as L1-vertaling voorkom, en volgens Snell-Hornby (1995) is vertaling in L2-Engels 'n feit van die moderne samelewing. Prunc (2003:82) glo dat L1-vertaling 'n ideologiese konstruksie is, aangesien 'n persoon se moedertaal nie noodwendig sy bes ontwikkelde of dominante taal is nie, en in die hedendaagse samelewing is daar baie tegnologiese hulpbronne tot die vertaler se beskikking (Stewart 1999:62) om in of uit sy L1 te vertaal.

L1-vertaling blyk egter die norm te wees in veral Wes-Europese lande waar daar in groot (*major*) tale vertaal word. In Frankryk is daar byvoorbeeld minstens een vertaler vir elke Europese taalkombinasie, en vertalers (en uitgewers) kan daarop aandring dat vertalings in L1 gedoen word. Die situasie is egter anders in lande waar kleiner tale gebruik word, dit wil sê tale wat nie dikwels buite hulle primêre linguistiese gemeenskap gebruik word nie. In sulke lande kom L2 (en selfs L3) vertaling dikwels voor en word dit selfs as vanselfsprekend aanvaar (Pokorn 2005:119).

Directionality hang ook af van die konteks waarin vertalings gedoen word, dit wil sê taalkombinasies, beskikbaarheid van vertalers met die nodige taalkombinasies, genre, spesialisiteit, beskikbare tyd, en so meer (Beeby Lonsdale 2009:86). Indien die bron- en doeltaal in noue kontak is (geografies, kommersieel en kultureel), kom dit ook meer dikwels voor dat daar van L1 in L2 vertaal word (Beeby Lonsdale 2009:86). So sal 'n mens dus dikwels kry dat 'n Afrikaanssprekende vertaler in Engels vertaal, terwyl dit minder dikwels voorkom dat 'n Franssprekende vertaler uit Frans vertaal. Wat vertaling in Engels betref, word Engelse vertalings ook dikwels deur sprekers wie se moedertaal nie Engels is nie, gelees. Volgens McAlester (1992:292–3) gebeur dit deesdae, met Engels as lingua franca in 'n globaliserende wêreld, dat baie tekste in Engels vertaal word wat nie op 'n spesifieke kultuur gemik is nie. Hierdie tekste is bedoel vir internasionale verbruik, dit wil sê om gelees te word deur Italianers, Japannese en Arabiere ewe veel as deur Amerikaners en Britte. In hierdie gevalle beteken dit, volgens McAlester, dat 'n vertaler wat nie 'n moedertaalspreker van Engels is nie, in net so 'n goeie posisie is om vir 'n publiek wat ook nie Engels as L1 het nie, te vertaal.

As 'n mens in ag neem dat daar 'n hele aantal skrywers is wat nie net in hulle moedertaal skryf nie (Kundera, Nabokov, Conrad, Bianciotti, Ishiguru; en op plaaslike front het wyle André P. Brink hom ewe gemaklik in Engels en Afrikaans uitgedruk, terwyl Michiel Heyns uitsluitlik in Engels skryf), behoort daar nie gefrons te word oor vertalers wat ook nie in hulle moedertaal vertaal nie. Frédéric Beigbeder beveel aan dat 'n skrywer minstens een keer in sy lewe moet probeer om in 'n ander taal te skryf, en waarom kan dieselfde nie geld vir vertalers (wat mense met bo gemiddelde taalvaardighede is) nie:

Nabokov het gekies om sy geboorte-idioom te laat vaar om sodoende hergebore te word in letterkunde, en dit verklaar miskien die noukeurigheid van sy styl, sy konstante kommer om die perfekte woord te gebruik en die poësie van die beelde oor te dra. 'n Mens werk harder wanneer jy in 'n vreemde taal skryf. Elke skrywer behoort ten minste een keer in sy lewe te probeer om in 'n ander taal te skryf om sodoende die gemak waarmee hy in sy eie taal skryf, uit te skakel en sy ou gewoontes te verloor. Dit is omdat hy nou 'n eie taal moet skep en nie die een kan herhaal wat hy op skool geleer het nie. (Beigbeder 2001:113–4, my vertaling)³⁴

As 'n vertaler in sy of haar L2 vertaal, kan dit dalk daartoe lei dat meer sorg aan die dag gelê word tydens die vertaalhandeling, juis omdat daar miskien versigtiger vertaal word.

'n Belangrike kwessie wat deur Grosman, Kovacic en Snell-Hornby (2000:23) geopper word, is die volgende: daar word verwag dat 'n L2-vertaling gelees, gekorrigeer en goedgekeur moet word deur 'n moedertaalspreker, terwyl niemand vereis dat 'n L1-vertaler se lees en begrip van die BT deur dieselfde proses moet gaan nie. Dit bring ons by 'n moontlike voordeel van vertaling uit L1, en dit is die vertaler se begrip van die BT. Hier bo het ek genoem dat L1-vertaling verkies word juis oor die vertaler se dieper linguistiese en kulturele agtergrond van L1, maar hierdie argument kan net so goed omgeswaai word en ons kan sê dat hierdie dieper agtergrond juis die vertaler in staat sal stel om die BT perfek te verstaan, en dit is baie belangrik dat die vertaler die BT perfek moet verstaan (Snell en Crampton in Beeby Lonsdale 2009:87). Dit beteken dat idiomatiese uitdrukkings sonder probleme begryp word en dat kulturele verwysings makliker herken word. Die vertaling kan dan altyd na die tyd deur 'n (in hierdie geval) Franse hersiener geproeflees word, of deur iemand wat albei tale baie goed ken.

Hiermee wil ek egter nie sê dat dit in elkeen se broek sit om 'n L2- of selfs L3-vertaling te doen nie, maar dit kan gedoen word en daar is vertalers wat dit doen.³⁵

Soms is daar egter nie 'n ander keuse as om van 'n abbavertaling gebruik te maak nie. In daardie gevalle behoort die skrywer daarop te kan aandring dat die vertaling deur 'n kundige, L1-spreker³⁶ geproeflees word wat die BT en die DT2 met mekaar te kan vergelyk – dit kan ook in die geval van direkte vertalings en L2-vertalings gedoen word. In Suid-Afrika is daar wel persone wat, indien hulle nie self die vertalings in Frans kan doen nie, wel die Afrikaanse en Franse tekste met mekaar kan vergelyk om te kontroleer dat Antjie Somers nie met eendvoete oor die berge hoef te waggel nie.

5. Gevolgtrekking

Dit spruit uit die minagting waarmee abbavertalings bejeën word dat dit 'n ongewenste en betreurenswaardige praktyk is wat sover moontlik vermy moet word. Tog vind ons dat dit 'n baie ou vertaalpraktyk is wat steeds wyd beoefen word, veral waar minderheidstale betrokke is.

'n Bestudering van die Franse vertalings van Afrikaanse romans toon dat uit altesaam 26 vertalings, slegs sewe direk uit Afrikaans gedoen is, terwyl die ander abbavertalings uit Engels is. Die rede daarvoor kan wees dat daar veral in lande soos Frankryk daarop aangedring word

dat 'n vertaler slegs in sy moedertaal vertaal, en dat daar 'n gebrek is aan Franse vertalers wat direk uit Afrikaans in Frans kan vertaal.³⁷

Om abbavertalings te vermy, kan uitgewers dit oorweeg om vertalers te gebruik wat direk uit Afrikaans in Frans kan vertaal, al is hulle nie self Franssprekend nie (dit hou die voordeel in dat die bronteks perfek verstaan word). Indien die idee van 'n L2- (of L3-) vertaling egter onaanvaarbaar is, is daar altyd die moontlikheid om die Franse vertaling te laat hersien deur 'n Afrikaanse persoon wat oor die nodige taalvaardighede in Frans beskik om foute, onduidelikhede en onakkuraathede uit te lig.

Die vraag is egter hoeveel tyd en geld uitgewers werklik bereid is om aan vertalings te bestee, maar dit is 'n navorsingsonderwerp op sy eie.

Bibliografie

- Aixela, J. 1996. Cultural-specific items in translation. In Álvarez en Vidal (samests.) 1996.
- Álvarez, R. en M. C.-A. Vidal (samests.). 1996. *Translation, power, subversion*. Cleveland: Multilingual Matters Ltd.
- Baker, M. en G. Saldanha (reds.). 2009. *Routledge encyclopedia of translation studies*. Tweede uitgawe. Londen: Routledge.
- Ballard, M. 2007. *De Cicéron à Benjamin. Traducteurs, traductions, réflexions*. Lille: Presses Universitaires du Septentrion.
- Beeby Lonsdale, A. 2009. Directionality. In Baker en Saldanha (reds.) 2009.
- Beigbeder, F. 2001. *Dernier inventaire avant liquidation*. Parys: Grasset.
- Bellos, D. 2011. *Is that a fish in your ear? Translation and the meaning of everything*. New York: Faber & Faber.
- Blumer, A. 2000. Vertaling as ideologiese manipulasie. *Tydskrif vir Letterkunde*, XXXVIII:1/2:24–34.
- Campbell, J. 1998. *Translation into the Second Language*. Londen en New York: Longman.
- . 2011. The pleasures and perils of creative translation. *The New York Times Book Review*. http://www.nytimes.com/2011/06/12/books/review/the-pleasures-and-perils-of-creative-translation.html?pagewanted=all&_r=0 (27 Maart 2013 geraadpleeg).
- Collombat, I. 2005. Ivan Steenhout ou le dilettante éclairé. In Whitfield 2005.
- Côté, S. 2003. Centre, périphérie et ethnocentrisme: la traduction française de *Barney's Version*, de Mordecai Richler. http://carleton.ca/french/wp-content/uploads/art_2003_03_006.pdf (1 Julie 2013 geraadpleeg).
- Dagut, M. 1981. Semantic “voids” as a problem in the translation process. *Poetics Today*, 2(4):61–71.
- Davies, E. 2003. A goblin or a dirty nose? The treatment of culture-specific references in translations of the Harry Potter books. *The Translator*, 9(1):65–100.
- Dollerup, C. 2008. Relay in translation. http://bwpl.unibuc.ro/uploads_ro/762/BWPL_2008_2_Dollerup.pdf (14 Mei 2012 geraadpleeg).

- Dollerup, C. en A. Loddegaard (reds.). 1991. *Teaching translation and interpreting*. Amsterdam en Philadelphia: John Benjamins.
- Durieux, C. 1998. La traduction: transfert linguistique ou transfert culturel? *Revue des lettres et de traduction*, (4):13-29.
- Graeber, W. 1991. German translators of English fiction and their French mediators. In Kittel en Frank (reds.) 1991.
- Grosman, M., M. Kadric, I. Kovačič en M. Snell-Hornby (reds.). 2000. *Translation into non-mother tongues. Professional practice and training*. Tübingen: Stauffenburg Verlag.
- Guiloinéau, J. 2011. Entretien. <http://littexpress.over-blog.net/article-entretien-avec-jean-guiloinéau-traducteur-64923621.html> (19 Junie 2014 geraadpleeg).
- Hansen, G. 1999. *Probing the process in translation: Methods and results*. Kopenhagen: Samfundsliteratur.
- He, C. 2001. Chinese translations of Hendrik Ibsen. *Perspectives: Studies in Translatology*, 9(3):197–214.
- Hervey, S. en I. Higgins. 2002. *Thinking French translation. A course in translation method: French to English*. Londen en New York: Routledge.
- James, K. 2001. Cultural implications for translation. <http://www.translationjournal.net/journal/22delight.htm> (1 Julie 2013 geraadpleeg).
- Kálmán, G. 1986. Some borderline cases of translation. *New Comparison*, 1:117–23.
- Katan, D. 2004. *Translating cultures: An introduction for translators, interpreters and mediators*. Londen: St Jerome.
- Kittel, H. en A. Frank. 1991. Vicissitudes of mediation: The case of Benjamin Franklin's autobiography. In Kittel en Frank (reds.) 1991.
- Kittel, H. en A.P. Frank (reds.). 1991b. *Interculturality and the historical study of literary translations*. Berlyn: Erich Schmidt Verlag.
- Landers, C. 2001. *Literary translation. A practical guide*. Clevedon: Multilingual Matters.
- Lee, H.-J. 2008. Survival through indirect translation: Pablo Neruda's *Veinte poemas de amor y una canción desesperada* into Korean. *Journal of Language and Translation*, 9(2):71–93.
- Lefevere, A. 1982. *Rewriting and the manipulation of literary fame*. Londen: Routledge.
- Lorenzo, M. 1999. La Seguridad del traductor profesional en la traducción a una lengua extranjera. In Hansen 1999.
- Magnier, B. 2001. *Afrique cent livres*. Parys: Bibliothèques Édition.
- Marmaridou, A. 1996. Directionality in translation. Processes and practices. *Target*, 8(1):48–73.
- McAlester, G. 1992. Teaching translation into a foreign language – status, scope and aims. In Dollerup en Loddegaard (reds.) 1991.
- Meyer, D. 2002. *Jusqu'au dernier*. Vertaal deur R. Pépin. Parys: Seuil.
- Muguraş, C. 2009. Entretien avec Sélim Abou. *Atelier de traduction*, 11:15–9.
- Newmark, P. 1988. *A textbook of translation*. Essex: Pearson Education Limited.

- Pedersen, V. 2000. Translation into L2 – In practice and in the classroom. In Grosman e.a. (reds.) 2000.
- Pokorn, N. 2005. *Challenging the traditional axioms*. Amsterdam: John Benjamins.
- Prunc, E. 2003. *Einführung in die Translationswissenschaft*, Band 1 Orientierungsrahmen, 4. Onveranderde uitgawe. Graz: Institut für Translationswissenschaft, Universität Graz.
- Pym, A. 2011. Translation research terms: A tentative glossary for moments of perplexity and dispute. *Translation Projects* 3. http://isg.urv.es/publicity/isg/publications/trp_3_2011/pym.pdf (9 April 2012 geraadpleeg).
- Richard, J.-P. 2005. L'autre source: Le rôle des traducteurs dans le transfert en français de la littérature sud-africaine. *Translation – Transnation 1994–2004*. Spesiale uitgawe. Johannesburg: Les Nouveaux Cahiers de l'IFAS.
- Ringmar, M. 2007. "Roundabout routes". Some remarks on indirect translation. <http://www2.arts.kuleuven.be/info/bestanden-div/RINGMAR.pdf> (6 April 2012 geraadpleeg).
- Risterucci-Roudnicky, D. 2008. *Introduction à l'analyse des oeuvres traduites*. Parys: Armand Colin.
- Schäffner, C. en U. Wiesemann. 2001. *Annotated texts for translation: English German. Functionalist approaches illustrated*. Clevedon, New York, Ontario en Mona Vale: Multilingual Matters.
- Schleiermacher, F. 1813. On the different methods of translating. Vertaal deur S. Bernofsky. In Venuti (red.) 2004.
- Snell-Hornby, M. 1995. *Translation studies. An integrated approach*. Amsterdam en Philadelphia: John Benjamins.
- St André, J. 2008. Relay translation. In Baker en Saldanha (reds.) 2008.
- Stewart, D. 1999. Translators into the foreign language: Charlatans or professionals? *Riviste internazionale di decnica della traduzione*, 4:41–67.
- . 2000. Poor relations and black sheep in translation studies. *Target*, 12(2):205–28.
- Steyn, J.E.T. 2014. 'n Direkte vertaling versus 'n abbavertaling met verwysing na kulturele oordrag. Ongepubliseerde PhD-proefskrif, Universiteit Stellenbosch.
- Toury, G. 1995. *In search of a theory of translation*. Tel Aviv: Porter Institute.
- Trotignon, B. 2008. Un bel anniversaire. *TransLittérature*, 36:9–18.
- Van der Vyver, M. 1999. *Héberger les anges*. Vertaal deur B. Norac. Parys: Éditions Anne Carrière.
- Van Heerden, E. 1986. *Toorberg*. Kaapstad: Tafelberg.
- . 1989. *Ancestral voices*. Vertaal deur M. Hacksley. Londen en New York: Penguin.
- . 1990. *Le Domaine de Toorberg*. Vertaal deur A. Rabinovitch. Parys: Stock.
- . 1991. *De Betoverde Berg*. Vertaal deur R. van der Veer. Amsterdam: Meulenhoff.
- Van Hoof, H. 1991. *Histoire de la traduction en Occident*. Parys: Éditions Duculot.

Venuti, L. 2008. *The translator's invisibility. A history of translation*. Abingdon en New York: Routledge.

Venuti, L. (red.). 2004. *The translation studies reader*. Tweede uitgawe. Abingdon en New York: Routledge.

Vinay, J.P. en J. Darbelnet. 1958. *Stylistique comparée du français et de l'anglais*. Parys: Les Éditions Didier.

Whitfield, A. 2005. *Le métier du double: Portraits de traductrices et de traducteurs littéraires*. Quebec: Saint-Laurent.

Wischenbart, R. 2010. Feasibility study on a literary translation prize. Final Report. http://ec.europa.eu/languages/documents/doc4792_en.pdf (15 Maart 2012 geraadpleeg).

Eindnotas

1) Die proefskrif is getiteld “n Direkte vertaling versus ’n abbavertaling met verwysing na kulturele oordrag” en is behaal in die Departement Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit Stellenbosch. In my proefskrif het ek die Franse vertalings van twee romans van Etienne van Heerden bestudeer, naamlik *Toorberg*, wat via sy Engelse vertaling (*Ancestral voices*) in Frans vertaal is (*Le Domaine de Toorberg*), en *Die swye van Mario Salviati*, wat direk uit Afrikaans in Frans vertaal is (*Un long silence*).

2) Die bronne waaruit ek gewerk het om die databasis saam te stel, is egter nie volledig nie en weerspreek mekaar soms, maar ek hoop om met verloop van tyd ’n foutlose databasis beskikbaar te stel wat gebruik kan word vir navorsing oor die vertaling van Suid-Afrikaanse werk in Frans. Die bronne is amazon.fr, Coulon se *Bibliographie francophone de littérature africaine* (1994), Dobzynski en Para se *Littératures d’Afrique du Sud* (1988), Magnier se *L’Afrique au féminin. Quelques ouvrages traduits en français* (s.j.), Richard se *Bibliographie des littératures africaines en traduction française: 1994-2004* (2005) en die Librairie Compagnie se inventaris van werk wat in Frans vertaal is.

3) Indien enige navorser of teoretikus egter met ’n meer beskrywende, eenduidige term vorendag kom, sal dit verwelkom word.

4) *Histoire du voyage que fait [sic] Cyrus à l'encontre du roi de Perse, Artaxerse, son frère, contenue en sept livres écrits par Xénophon, auteur grec, traduit premièrement en latin par Jean Lascaris, homme docte consommé en la langue grecque et le restaurateur d'icelle, et de latin en vulgaire français par Cl. de Seyssel*. Die titels van ander vertalings waaraan hulle saamgewerk het, volg dieselfde trant.

5) In byvoorbeeld Etienne van Heerden se *Le Domaine de Toorberg* (1990) (*Toorberg*) en Deon Meyer se *Jusqu’au dernier* (2002) (*Feniks*) lees ons op die kolofon dat die oorspronklike titels onderskeidelik *Ancestral voices* en *Dead before dying* is, en daar is dus geen aanduiding dat die romans oorspronklik in Afrikaans geskryf is nie. In *Héberger les anges* (*Griet skryf ’n sprokie*) lees ons wel dat die kopiereg vir die Engelse vertaling aan Catherine Knox en aan Marita van der Vyver vir die oorspronklike weergawe behoort. Die brontaal (Afrikaans) word egter nie gemeld nie.

6) UNESCO se “Recommendations on the Legal Protection of Translators and Translation and the Practical Means to Improve the Status of Translators” van 22 November 1976. http://portal.unesco.org/en/ev.php-URL_ID=13089&URL_DO=DO_TOPIC&URL_SECTION=201.html (30 Maart 2012 geraadpleeg).

- 7) Le traducteur s'abstient de traduire une œuvre à partir d'une autre traduction en langue étrangère, dite traductions-relais, à moins que l'auteur ne l'y autorise expressément. <http://www.atlf.org/Code-de-Deontologie-du-Traducteur.html> (12 April 2012 geraadpleeg).
- 8) So sal 'n mens vind dat in 'n hoofsaaklik vervreemdende vertaling byvoorbeeld idiomatiese uitdrukkings dikwels met ekwivalente uit die doelkultuur vervang word. Martine Vosmaer, 'n Nederlandse vertaler, sê dat sy baie hou van die uitdrukking "die oortjies van die seekoei", maar dat sy dit byvoorbeeld in 'n speurroman sou vervang met die Nederlandse ekwivalent in plaas daarvan om dit letterlik te vertaal, aangesien die klem op die intrige is, en lesers nie onnodig opgehou moet word met vreemde uitdrukkings nie.
- 9) Daar is min voorbeelde van uiterste domestikering of vervreemding. Een voorbeeld is die Engelse vertaling van Frédéric Beigbeder se roman *99 francs* (2000, vertaal as £9.99, 2005). Die Engelse vertaler, Adriana Hunter, het elke enkele Franse of Paryse verwysing – restaurante, winkels, strate, advertensieslagspreuke – vervang met 'n Britse een en het sodoende die hele Franse karakter van die roman uitgewis.
- 10) Net soos daar nie een eenduidige term is om na 'n abbavertaling te verwys nie, gebruik verskillende teoretici hier ook dikwels verskillende benamings om na ooreenstemmende prosedures te verwys.
- 11) Durieux (1998:25) gebruik die voorbeeld van *or blanc* (wit goud), wat 'n leksikale ekwivalent het in Spaans, naamlik *oro blanco*. In Frans verwys *or blanc* na sneeu en in Spaans na heroïne. In Tjeggies verwys dieselfde woord na verfynde suiker wat van beet gemaak word en in Egipte na katoen. Dit beskryf dus 'n wit produk wat geld inbring.
- 12) Die Franse sosioloog Pierre Bourdieu gebruik die term *habitus* om daarna te verwys.
- 13) 'n Vertaler se styl word verbind aan 'n biografie en aan 'n era, en dit is om hierdie rede dat hervertalings noodsaaklik is, volgens Risterucci-Roudnicky (2008:60).
- 14) Ander voorbeelde hiervan sluit in resensies, aantekeninge, opsommings en so meer.
- 15) Je crois qu'un traducteur européen qui n'a pas vécu aux États-Unis ou au Canada est incapable de rendre comme il faut en français un roman états-unien ou canadien-anglais. Les Québécois sont extraordinairement bien placés pour cela, car on vit dans une réalité nord-américaine. Notre langue française d'ici rend compte de cette réalité, ce que ne peut pas faire une langue française d'Europe.
- 16) Dit is die eerste literêre prys wat toegeken word aan vertalings in Frans (http://fr.wikipedia.org/wiki/Prix_du_Meilleur_livre_%C3%A9tranger). Die prys is egter een keer toegeken aan 'n roman wat nie 'n vertaling was nie. Hector Bianciotti het die prys in 1982 verower vir *L'amour n'est pas aimé*. Hy is 'n Argentynse skrywer wat in Frans skryf. In 1988 wen Margarita Karapánou, 'n Griekse skrywer, die prys vir *Le Somnambule*. Sy het self die teks uit Grieks in Frans vertaal, en hier kan 'n mens vra of 'n vertaling deur die skrywer self (wat dikwels herskrywing insluit) nie ook as 'n oorspronklike BT beskou kan word nie.
- 17) Die prys is in 1991 aan Youozas Baltouchis vir *La Saga de Youza* (1979) toegeken en is vertaal uit die Litause teks én sy Russiese vertaling.
- 18) Hierdie artikel fokus op die vertaling van romans, maar wat poësievertaling betref, sê Lee (2008:73) dat daar kontekstuele verwringing kan plaasvind en dat foute wat in die TT voorkom, wel vergroot kan word. Die dualiteit van die TT geskryf in die tussentaal kan egter 'n nuwe poëtiese dimensie skep wat nie in 'n direkte vertaling ontdek sou word nie.
- 19) In Duitsland was daar in die tweede helfte van die 18de eeu 'n rebellie teen Franse hegemonie toe Duitsers Engelse letterkunde ontdek het. Duitsland het meer van 'n verwantskap met

Engeland as met Frankryk gevoel en het begin om Engelse letterkunde te vertaal. Werk van skrywers soos Locke, Pope, Defoe, Swift, Richardson en Fielding het egter in Europa bekend geword danksy hulle Franse vertalings en dit is hierdie Franse vertalings wat steeds gebruik is as brontekste vir die Duitse asook Italiaanse en Spaanse vertalings (Graeber 1991:5).

20) E.M. Foster, *Howard's End*.

21) <http://www.unesco.org/xtrans/bsstatexp.aspx> (17 Junie 2014 geraadpleeg).

22) Eugène Marais se *Mœurs et coutumes des termites, la fourmi blanche d'Afrique du Sud* (*Die siel van die mier*, 1925) verskyn in 1938, maar ek neem dit nie hier in ag nie, aangesien dit nie 'n roman is nie. Die vertaling is gedoen deur ene S. Bourgeois, wat uit Vlaams en Engels vertaal het. Daar is bronne wat meld dat *Mœurs et coutumes* die vertaling is van *Die siel van die mier* (https://openlibrary.org/works/OL3659812W/Moeurs_et_coutumes_des_termites) maar spesifiseer nie die brontaal nie. Ek kon nog nie vasstel of dit dalk 'n direkte vertaling uit Afrikaans was nie.

23) Bernard Magnier is die direkteur van die Afrique-afdeling van die Franse uitgewery, Actes Sud.

24) 'n Gedig kan redelik vinnig neergepen word en kan met groot sukses by politieke saamtrekke gebruik word. Toneelstukke kan ook makliker as 'n roman 'n redelik groot en soms ongeletterde publiek bereik. Gedigte en dramas is dus baie suksesvolle politieke mediums, want om 'n roman te skryf en te laat publiseer verg tyd, geld, 'n publikasie- en bemerkingsnetwerk en 'n publiek om dit te lees.

25) Vir die doeleindes van hierdie artikel tel ek nie André P. Brink se romans as Afrikaanse brontekste nie, aangesien Brink self sy romans in Engels vertaal. Ek gebruik slegs romans wat deur 'n "onafhanklike" Engelse vertaler vertaal is.

26) Guiloineau het ook onder andere in 1995 Nelson Mandela se *Long walk to freedom* in Frans vertaal.

27) Hierdie kennis is noodsaaklik om foute te vermy. Guiloineau noem die foutiewe vertaling van Mount Ayliff ('n dorp in die Oos-Kaap) as Mont Ayliff – die vertaler ken nie die land nie en het gedink dis 'n berg.

28) Ek dink egter dis baie moeilik om enige Suid-Afrikaanse literêre werk heeltemal los van die politiek van die land te maak.

29) In 2006 ontvang hy die Prix Amphi vir sy vertaling van Karel Schoeman se *La saison des adieux* (*Afskeid en vertrek*) en in 2009 die Prix du Meilleur Livre Étranger vir sy vertaling van Schoeman se *Cette vie* (*Hierdie lewe*). Die Prix Amphi word deur 'n jurie toegeken wat bestaan uit studente van die Universiteit van Lille III en dit gaan aan 'n skrywer én vertaler van 'n roman wat die eerste keer in Frans verskyn. Die Prix du Meilleur Livre Étranger is die mees gesogte prys vir 'n buitelandse boek wat in Frans vertaal is (sien eindnota 16).

30) Dit is die Grand prix de la littérature policière (2003) en die Prix Mystère de la Critique (2004). Laasgenoemde prys word sedert 1972 jaarliks aan sowel 'n Franse as 'n buitelandse roman toegeken.

31) *Banlieue* beteken "voorstad" en in sekere dele woon daar arm mense en immigrante in bekostigbare massabehuisingskemas (Habitation à loyer modéré, of HLM) in die buitewyke van groot Franse stede. Dit het dus glad nie dieselfde konnotasie as *lokasie* nie. Daar kan ook nie gesê word dat 'n lokasie 'n "swart reservaat" (*réserve noire*) is nie. Die gebruik van die neutrale *commune noire* (swart kommune) is ook vreemd wanneer Koevert Moolman dit (in die Franse vertaling) gebruik en KleinKitty Riet hom tereg wys en vir hom sê: "Ons sê nie meer

so nie [...] Oneday gebruik die term *township*” (Van Heerden 1990:185, my vertaling) – *swart kommune* is nie ’n pejoratiewe of rassistiese term nie.

32) Ek gaan nie hier betrokke raak by die debat oor wat presies *mother tongue* en *other tongue* is nie en volstaan by *L1* as die taal “most readily available to the translator” (Pedersen 2000:109) en die *L2* as die “ander” taal, of die taal wat die vertaler op ’n later stadium aangeleer het.

33) Nabokov choisit d’abandonner son idiome natal pour renaître en littérature, ce qui explique peut-être la grande précision de son style, son souci constant du mot parfait et la poésie des images. On travaille plus quand on écrit dans une langue étrangère. Tout écrivain devrait, une fois dans sa vie, s’essayer dans une autre langue pour éliminer les facilités de langage et perdre ses habitudes. Puisqu’il faut inventer sa propre langue, autant ne pas répéter celle que l’on a apprise à l’école.

34) Bernard Hoepffner is ’n vertaler wat in Duitsland gebore is, in Frankryk grootgeword het, en daarna na Engeland en die Verre Ooste gegaan het waar hy as meubelrestoureerder gewerk het. Hy woon tans in Nederland en vertaal in en uit Frans en Engels. Op plaaslike front is daar ook ’n hele aantal vertalers wat uit hulle moedertaal vertaal: wat direkte Franse vertalings uit Afrikaans betref, is daar Naomi Morgan (onder andere die *Afri-Frans*-lirieke) en Catherine du Toit (die Franse vertaling van *Bittercomix*) – albei vertalers vertaal in hulle *L3*.

35) Ek het verneem van ’n groot Franse uitgewery waar die persoon in beheer van Franse vertalings uit Pole glad nie Pools verstaan nie en dus nie die BT en DT kan vergelyk nie. Al wat saak maak, is dat die vertaling “goed lees” in Frans terwyl die getrouheid en akkuraatheid van die vertaling nie juis in ag geneem word nie. Ek is seker dis nie die enigste geval nie.

36) Naas Finkelstein en Moerdijk is daar die Fransman Georges Lory, voormalige diplomaat en direkteur van die Alliance Française in Johannesburg. Hy het Afrikaans geleer aan die Universiteit Stellenbosch en het Afrikaanse digters soos Breyten Breytenbach en Antjie Krog direk in Frans vertaal. Hy het egter nog nie Afrikaanse romans vertaal nie.